# Die kerkregtelike posisie van die ouderling en diaken in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die lig van die vraag na nuwe bedieningstrukture

B J van Wyk
Universiteit van Pretoria

Abstract
The position of elders and deacons in the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in the light of the question as to whether new structures are needed

The purpose of this study is to determine whether the Nederduitsch Hervormde Kerk needs new structures to administer the reconciliation between God and mankind. The current structure in which elders and deacons fulfil their duties is the presbyterial-synodal system of church government. The conclusion is that no new structures are needed, but that the current structure must be known and implemented to the full.

Dit is met genoegdoening dat hierdie bydrae opgedra word aan Adriaan Pont. Die genoegdoening spruit uit die oortuiging van sy reuse bydrae op die vakgebied van die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Hy het deur sy navorsing oor meer as drie dekades die Kerkreg gevestig as 'n selfstandige vak in die teologiese *curriculum*, maar ook 'n baie groot rol gespeel daarin dat die beginsels van die kerklike reg beter begryp word. Naas sy wetenskaplike bydrae word met eweveel genoegdoening gedink aan sy besondere persoonlikheid, sy werkvermoë, sy humorsin en wat my veral sal bybly, sy openheid en ontvanklikheid teenoor studente. Ek

ken teoloë wat vrae het op alle antwoorde, maar hy is iemand wat hom van baie ander onderskei deur ook antwoorde te gee op alle vrae.

## INLEIDEND

Besinning oor die kerkregtelike posisie van die ouderling en diaken binne die Nederduitsch Hervormde Kerk, bring die vraag na vore of die kerkregtelike struktuur waarbinne die ampte funksioneer, goed bekend is. Dit is belangrik dat die huidige stelsel en sy beginsels goed verstaan moet word, veral wanneer die vraag na nuwe bedieningstrukture ter sprake kom. Die vraag na nuwe bedieningstrukture spruit uit die opdrag van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat 'n studie onderneem sal word met die oog op aanbevelings ten opsigte van bedieningstrukture, intensiewer bedieningspatrone en 'n moontlike spesifieke taakomskrywing van die werk van die predikant (NHKA 1989b:20). In die verslag wat voor die 1989 Algemene Kerkvergadering gedien het, word die begrip 'bediening' in omvattende betekenis gebruik as aanduiding van die oordra van die totale heil van God in Jesus Christus.

Daarmee saam word na strukture verwys as die wyse waarop die kerk se werksaamhede georganiseer word om as kanale te dien vir die genoegsame funksionering van die kerk om die versoening in al sy fasette te bedien (NHKA 1989b:22).

Kritiese ondersoek na bedieningstrukture binne die Hervormde Kerk kan kerkregtelik omskryf word as 'n vraag na die kerkregtelike struktuur binne die kerk, asook rekenskap van die bestaande struktuur waarbinne die kerk tans sy dienswerk verrig. 'n Kritiese besinning oor nuwe bedieninge kan slegs gedoen word indien die beginsels van die huidige goed begryp word. Wanneer die vraag na moontlike nuwe bedieninge aan die orde kom, word daarmee by implikasie gestel dat die huidige nie meer voldoende is om die Kerk te laat funksioneer as 'n lewende dinamiese gemeenskap, tot eer van God nie.

Om die vraag na moontlike nuwe bedieningstrukture of 'n gewysigde kerkregtelike stelsel te beantwoord, sal eerstens die kernbeginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel aangedui word, sodat daaruit vasgestel kan word of nuwe strukture nodig is.

## DIE KERKLIKE ORDE: INLEIDEND

Wanneer oor struktuur gepraat word moet goed in gedagte gehou word dat die struktuur – of kerkregtelike stelsel – nooit 'n doel op sigself is nie, maar altyd 'n middel is tot 'n bepaalde doel. Die struktuur waarborg niks nie, tensy die mense

binne die struktuur nie bereid is om die beginsels wat 'n bepaalde struktuur daarstel, te handhaaf en toe te pas nie. Die Dordtse Kerkorde 1618-1619, wat in sekere kringe byna gekanoniseer word, was nie in staat om die kerklike verval wat kerkregtelik uitgeloop het op die ongelukkige Algemeen Reglement van 1816, te verhoed nie. Fiolet (1953:13) beskryf dié tyd in die Nederlandse Hervormde Kerk soos volg: 'Aan allen wilde men onderdak verlenen, aan orthodoxie en verlichting, mits zij luisterden naar de enige regel des huizes: gematigdheid en verdraagzaamheid. Dit ideaal werd gevonden in een rationalistisch supranaturalisme, een compromis tussen geloof en verstand, tussen Openbaring en rede....'

Die beginsel dat die struktuur, of vir die argument die kerklike orde, nooit 'n doel op sigself is nie maar slegs 'n middel tot 'n doel, is te wyte aan die feit dat die kerklike orde nie funksioneer soos 'n konstitusie van 'n vereniging wat deur die konsensus van al die lede sy gesag ontvang nie. Die gesag van die kerklike orde, wat in wese in regsreëls vertaalde ekklesiologie is (Dingemans 1988:207), setel nie in die mondige gesag van sy lede nie, maar ontleen sy gesag aan die relasionele driebegrip Skrif-belydenis-kerklike orde. In hierdie begrip is die Skrif steeds *norma normans* ten opsigte van die belydenis en die kerklike orde. Beide die kerklike orde as die belydenis is dan vir dié rede *norma normata*. Dit beteken dat die saak van die kerklike orde nooit 'n afgehandelde saak is wat met gekanoniseerde status bejeën kan word vir tyd en ewigheid nie. Die kerk moet steeds al sy handelinge wat belydend sigbaar word in die wêreld waarin die kerk werk, toets aan die Woord van God. Die kerk werk dus nie met 'n gekanoniseerde struktuur of kerklike orde nie, maar ook nie struktuur- of ordeloos nie. Indien eersgenoemde toestand bestaan, lei dit tot verstarring, terwyl verwarring volg wanneer die kerk ordeloos probeer werk (Marchal 1985:192).

Verstarring het gelei tot wat genoem word 'n hoogkerklike, episkopale struktuur, terwyl verwarring uitmond in 'n sogenaamde laagkerklike, minder amptelike, kongregasionalistiese kerkbegrip:

> Zowel de hoogkerkelijke als de laagkerkelijke ambtsopvatting gaat daaraan mank, dat Woord en Geest worden losgemaakt, dat meningen van mensen, die zeggen gedreven te zijn door de Geest, teveel gezag krijgen, en dat het ambt van zijn eigenlijke inhoud: de diakonia der verzoening ontdaan wordt. Beide ambtsvisies werken kerkdeformerend in plaats van kerkreformerend.
>
> (Balke 1971:12)

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat nadenke oor die bedieningstruktuur of kerklike orde van die Hervormde Kerk in beginsel sowel die episkopale as die kongregasionalistiese kerkbegrip afwys. Die standpunt word ingeneem op grond van

die feit dat in die Hervormde Kerk gedink en gewerk word vanuit die presbiteriaal-sinodale stelsel (NHKA 1967:179; Van Wyk 1989:303).

Die rede waarom die keuse gemaak word is te wyte aan die feit dat die presbiteriaal-sinodale stelsel die stelsel is wat die beste uiting gee aan die skriftuurlike beginsels soos in die Skrif vervat (Bronkhorst 1947:277). Daarom werk die stelsel met 'n skriftuurlike kerklike orde. Daarmee word nie bedoel dat die kerklike orde woordeliks in die Skrif teruggevind word nie. Net so min as wat die liturgie of die belydenisskrifte van die kerk woordeliks in die Skrif aangetref word, net so min kan die kerklike orde pasklaar in die Skrif gevind word. Dit beteken egter nie dat die kerklike orde om dié rede slegs die praktyk as norm het nie. Inteendeel, wanneer die kerklike orde die resultaat is van die sorgvuldige luister na die Woord van God en die belydenisskrifte, as die *norma normans* met betrekking tot die kerklike orde, kan die kerklike orde in beginsel nie slegs uit die praktyk afgelei word nie. Die beginselsaak dat die presbiteriaal-sinodale stelsel werk met 'n skriftuurlike kerklike orde word soms met wantroue bejeën. Die rede daarvoor is dat die resultate van die eksegese, veral op die gebied van die Nuwe Testament dit nie makliker maak nie (Bronkhorst 1947:159; Pelser 1990; Van Eck 1991).

Rondom die skriftuurlike kerklike orde kan verwys word na die debatte in Nederland tussen Dr Oepke Noordmans, predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk en die Utrechtse Nuwe-Testamentikus Prof A M Brouwer, asook tussen laasgenoemde en Prof A J Bronkhorst, professor in Kerkreg aan die universiteit van Utrecht. Wanneer die debatte weer gelees word moet Noordmans en Bronkhorst gelyk gegee word omdat beide die beginsel aanvaar dat met 'n skriftuurlike kerklike orde gewerk word (Noordmans 1984b391; Bronkhorst 1947; Brouwer sa; Van Wyk 1989:49).

## PRESBITERIAAL-SINODAAL: 'N SKRIFTUURLIKE KERKLIKE ORDE

Die presbiteriaal-sinodale stelsel werk met 'n skriftuurlike kerklike orde. Wanneer die uitgangspunt betwyfel word, kan nie net met kritiek volstaan word nie, maar moet daar ook 'n alternatiewe stelsel ontwerp word wat dan meer skriftuurlik sal wees en wat nie 'n terugval beteken na die episkopalisme of die kongregasionalisme nie. Omdat daar binne die stelsel ook bepaalde modaliteite bestaan, moet ook daarmee rekening gehou word by die ontwerp van 'n sc lanige alternatiewe kerkregtelike stelsel. Die alternatiewe kerkregtelike stelsels kan nagelees word en word daarom hier nie verder bespreek nie (Biesterveld & Kuyper 1905; Bouwman 1937: 10; Bouwman 1985; Pont 1985:428).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het tot hiertoe vanuit die presbiteriaal-sinodale stelsel as volkskerk geleef en gewerk (NHKA 1991b:3, 18). Besinning oor nuwe bedieningstrukture moet skriftuurlik verantwoord word, rekening hou met kerkregtelike stelsels wat sowel binne as buite die presbiteriaal-sinodale stelsel nie aanvaarbaar is nie en in die kerklike praktyk ordenend gevolg gee aan die feit dat die kerk 'n dinamiese struktuur as liggaam van Christus is, wat in die wêreld die Woord van God moet proklameer.

**Die kernbeginsel**

Die kernbeginsel van die presbiteriaal-sinodale stelsel is dat Jesus Christus die enigste hoof en heer van die kerk is wat sy kerk onmiddellik (direk) regeer deur Woord en Gees en middellik (indirek) deur die ampte wat ter vergadering kom (Van 't Spijker 1990:326-328). Hierdie uitgangspunt sluit alle moontlikhede van hiërargie, in watter vorme ookal, uit. Dit word kerkregtelik bevestig deur die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel wat juis wil verhoed dat die een ampsdraer oor die ander, of die een vergadering oor die ander heerskappy voer (Nederlandse Hervormde Kerk 1571:art 1; NHKA 1989a:art 6). Elke vorm van menslike heerskappy deurkruis die skriftuurlike beginsel dat Jesus Christus die hoof en heer van die kerk is.

As die beginsel aanvaar word spreek dit vanself dat die Woord van God belangrik is, trouens dat elke handeling van die kerk bepaal sal word deur die Woord van God as *norma normans*. Die uitgangspunt impliseer 'n skriftuurlik afgeleide kerklike orde. Die beginsel word ook so verwoord in die belydenisskrifte van die kerk (NGB:art 32). Juis omdat die kerklike orde (sowel as die belydenisskrifte van die kerk) deur die Skrif genormeer word, is die kerklike orde nie rigied vir tyd en ewigheid nie, maar 'n dinamiese struktuur waarbinne mense lewend en aktief die Heer van die kerk moet dien. Die kerklike lewe mag nie stol binne strukture nie, want struktuur is slegs 'n middel tot 'n doel.

**Modaliteite binne die stelsel**

Die kerkregeringstelsel wat as presbiteriaal-sinodaal bekendstaan en in besonder binne die volkskerk beleef word as 'n bepaalde modaliteit van die presbiteriaal-sinodale stelsel, is die gevolg van 'n verbondsmatige kerkbegrip. Wanneer presbiteriaal-sinodaal, verbond en volkskerk aan mekaar verbind word, moet in gedagte gehou word dat binne die presbiteriaal-sinodale stelsel bepaalde modaliteite bestaan. In wese staan twee modaliteite teenoor mekaar, naamlik die volkskerk en die vryekerk. By die vryekerk word uitgegaan van die gelowige lidmaat as enkeling, wat uitverkies

en wedergebore is en op grond van sy belydenis met die belydenisskrif as traktaat van gemeenskap, toetree tot 'n kerkverband. Dit was veral die gedagtegang van A Kuyper wat in dié opsig, juis omdat hy nie met die verbond as reële grondslag van die kerkbegrip werk nie, in die verleentheid was met die kinderdoop en toe die leer van die vooropgestelde wedergeboorte ontwerp het om die feit dat 'n kind by doop nog nie self sy geloof kan bely nie, te oorkom (Pont 1987:510; Engelbrecht 1945:29-42; Rasker 1981:192-193).

By die volkskerk as tweede modaliteit binne die presbiteriaal-sinodale stelsel, word van die genadeverbond uitgegaan as die reële grondslag van die kerk, waarvan die doop die uiterlike teken is. Dit was veral P J Hoedemaker (1927:95) en A A van Ruler (1945:69-86) wat hierdie gedagtelyn sterk beklemtoon het. Die lidmaat van die kerk, wat ook gedooptes insluit, ontvang die genade-gemeenskaplik as gedoopte volk van God. Omdat hier nie van die gelowige enkeling uitgegaan word nie maar van die gedoopte Godsvolk, kom die gelowige huisgesin as die huisgemeente op die voorgrond. 'Volk van God' het dus 'n dubbele betekenis. Dit is die gedoopte volk van God op grond van die genadeverbond, maar dit is ook die volk van God wat deur geboorte, as huisgesin deur geslagte heen, gestalte gekry het. Die grense van die kerk is nie die volk (biologies) van die kerk nie, maar die kerk (gedoopte Godsvolk) van die volk.

Die uitgangspunt het veral die gevolg dat die kerk nie gestig is of deur die wil van mense opgerig is nie, maar is omdat God is: 'Niemand heeft haar tot een bepaald doel opgericht. Zij is niet uit een bepaalde, in dit geval eene godsdienstige behoefte ontstaan, en door de vrijwillige toetreding van hare leden uitgebreid. Men wordt als lid der Kerk geboren. De doop heeft dit bezegeld' (Hoedemaker 1904: 93). Hiermee word die gedagte dat die mens vrywillig toetree tot die kerk, van die hand gewys wat juis die teosentriese uitgangspunt in die kerkbegrip bevestig. Dit vrywaar die kerk ook daarteen dat die kerk gesien kan word of funksioneer soos 'n vrywillige vereniging, waar lede deur hulle stem inspraak in die kerk het. Mense is nie onbelangrik binne die kerk nie, maar God en sy Woord gaan vooraf aan alle menslike aktiwiteite. 'n Verbondsmatige kerkbegrip en volkskerk loop hand aan hand. 'Vir die volkskerkgedagte is die verbondsleer ook onontbeerlik. Trouens, vanuit die verbondsleer is die volkskerkgedagte onontwykbaar. Die verbond bepaal die omtrek en die grense van die kerk en dus van die volkskerk' (Botha 1989:28).

Die verbondsmatige kerkbegrip kom ook in die belydenisskrifte en die formuliere van die kerk tot uiting. So word die saak ook in die Kerkwet geformuleer (NHKA 1989a:art 2; NGB art 34; HK vraag 74; Doopformulier). In 'n verbondsmatige kerkbegrip rus die klem op die groot dade van God, op die bediening van die versoening waaraan die mens uit genade deel kry en nie regtens sy wedergeboorte

of bekering nie. Dit laat die mens ook sonder keuse om aan die kerk te behoort en dui tegelykertyd die basis aan waarop lidmaatskap geskied, naamlik deur die doop op grond van die genadeverbond.

**Vergaderings van die ampte**

As Jesus Christus die enigste hoof en heer van die kerk is wat die kerk ook middellik regeer, is die vergaderings van die ampte die terrein waar verskillende ampte byeenkom om die kerk te regeer volgens die Woord van God. Die presbiteriaal-sinodale stelsel is die stelsel wat tot stand gekom het deur die kerkordenende denke van veral Calvyn (Plomp 1969:166), omdat hy ingesien het dat daar 'n noue verband is tussen die Skrif, die belydenis en die kerklike orde. 'In sy vormgewing het Calvyn sy eie, unieke bydrae gelewer en sodoende 'n lewensorde vir die kerk ontwerp wat in staat was om die verbygaan van die tyd te trotseer en om die volk van God inderdaad in gehoorsaamnheid aan God te hou' (Van Wyk 1989:5). Vanuit die grondstruktuur wat Calvyn in 'n groot mate help vestig het, ontwikkel die stelsel veral verder in Nederland vanaf die Konvent van Wezel 1568 en vind 'n bepaalde afsluiting by Dordt 1618-1619.

Die vergaderings van die ampte wat in die stelsel funksioneer is die kerkraad vir die plaaslike gemeente, die klassikale of ringsvergadering vir 'n groep nabygeleë en die sinodale vergadering wat oor al die gemeentes van die Hervormde Kerk regeer. Laasgenoemde word verder onderskei tussen provinsiale en algemene sinodes. Dit is belangrik om daarop te let dat die kerkraad die primêre vergadering van die ampte is. Dit hou verband met die feit dat die gemeente die plaaslike verskyningsvorm van die kerk is waar die werk van die kerk in besonder gedoen word. Om hierdie rede is die meerdere vergaderings in wese organe van bystand van die plaaslike kerkraad. Die begrip 'meerdere vergaderings' is van betekenis omdat dit beklemtoon dat die vergaderings van die ampte nie hiërargies opgestel is nie (Pont [1982]: 113), dit omdat die anti-hiërargiese beginsel juis wil voorkom dat vergaderings of ampsdraers heerskappy voer oor mekaar (NHKA 1989a:art 6). So word verseker dat die hoofskap en heerskap van Christus voorrang sal geniet.

Die kerkraad is die vergadering van ampsdraers wat oor die plaaslike gemeente regeer wat *ecclesia completa et incompleta* is. Dit is nodig dat rondom die selfstandigheid van die plaaslike gemeente die nodige versigtigheid gehandhaaf sal word. Die oorbeklemtoonde outonomie van die plaaslike gemeente soos in die struktuur van die vryekerk, moet van die hand gewys word. Dit druis in teen die anti-independentistiese beginsel wat verhoed dat 'n gemeente los staan van ander gemeentes (Nederlandse Hervormde Kerk 1571:art 53; NHKA 1989a:bep 12.12). Aan die an-

derkant is 'n oorbeklemtoonde sinodale struktuur waar die plaaslike gemeente slegs die besluite van die hoogste vergadering uitvoer en self geen regeerbevoegdheid meer het nie, net so onaanvaarbaar. Dit druis in teen die anti-hiërargiese beginsel (Nederlandse Hervormde Kerk 1571:art 1; NHKA 1989a:art 6). Presbiteriaal-sinodaal is die positiewe van bogenoemde twee negatiewe: 'Anti-hiërargies en anti-independentistisch zijn negatieve typeringen als positieve equivalenten waarvan kunnen gelden: presbyteriaal en synodaal' (Plomp 1971:90). Dit is goed om hier in gedagte te hou dat elke vergadering slegs dié sake hanteer wat op die terrein van sy bevoegdheid lê. Die sake wat die meerdere vergadering hanteer is slegs dit wat die kerkraad nie self kan afhandel nie. Meerdere vergaderings is in wese slegs organe van bystand vir die kerkraad.

Die oorsprong van die sinodale vergadering word gevind in die *Discipline Ecclesiastique* 1559, waar die eerste kerklike orde vir 'n nasionale kerk opgestel is (Bronkhorst 1947:258): 'Hier word die beginsel neergelê dat al die gemeentes alle sake van gemeenskaplike belang op die sinodale vergadering beslis, terwyl die plaaslike gemeente as 'n selfstandige, maar nie outonome onderdeel, van die geheel, deur die plaaslike kerkraad onder leiding van die Woord en die Gees regeer word' (Pont 1981:48).

Die klassikale vergadering vind sy oorsprong op Nederlandse bodem. Reëlings vir die klassikale vergadering kom reeds voor by die Konvent van Wezel 1568 en word daarna teruggevind in elke kerklike orde vanuit Nederlandse bodem.

## Die ampte

Die verstaan van die Skrif deur Calvyn het 'n belangrike rol gespeel, nie net met betrekking tot die vergaderings van die ampte nie, maar ook tot die ampte self. Dit is belangrik dat die beginsel in gedagte gehou word dat die amp nie 'n *officium* – 'n hoë posisie van aansien – is nie, maar 'n *ministerium* – 'n nederige dienswerk (Pont 1981:197). Die rede hiervoor is omdat die ampte gawes van God is waar die ampsdraer nie gesag in sy eie persoon het nie, maar slegs gesag deur die Woord van God verkry.

> Die taak van die ampsdraers is om die kerk te onderhou, te bewaar en te hou by sy roeping wat hy van Christus ontvang het. Terselfdertyd is die ampte die middel waardeur Christus sy kerk regeer. Dit is belangrik om daarop te let dat hier uitgegaan word van die standpunt dat die kerk nie self hierdie amptelike organe of ampsdraers skep nie, maar dat die kerk die ampte van Christus ontvang.
>
> (Pont 1981:197)

Die opvatting van Calvyn oor die amp berus in sy Institusie hoofsaaklik op sy uitleg van Efesiërs 4:11-12, terwyl hy in sy kommentare hoofsaaklik van 1 Timoteus 5:17 gebruik maak (Bronkhorst 1988:51). Milner (1970:136) vat die ampsleer van Calvyn oor die bedienaar van die Woord so saam: 'To be the minister of the word means, as the word minister itself denotes, not to be the lordly dispenser of it, but its obedient servant...Not that they are the factotums of the congregation: they are the servants of the church only because they are first the servants of Christ, and under the limitations of that prior servitude.'

Die vraag kan seker gestel word waarom Calvyn hoofsaaklik met drie ampte volstaan het, dit terwyl daar 'n verskeidenheid ampte in die Nuwe Testament voorkom. Die volgende uitspraak beantwoord die vraag:

> As op die voetspoor van die Nuwe Testament sorgvuldig gesoek word na al die gegewens oor die amp, dan ontdek mens, saam met Calvyn, dat dit by die amp in wese gaan om die bediening van die Woord, die regering van en opsig oor die gemeente en die diens van die barmhartigheid. Al die funksies van die verskillende ampte en dienste in die Nuwe Testament kan steeds teruggevoer word na een van die drie fundamentele funksies: leer, regeer, dien.
>
> (Pont 1981:196)

Natuurlik is dit ook so dat Calvyn, naas die bedienaar van die Woord, ook die amp van doktor onderskei het. Wanneer hy in sy Institusie redeneer vanuit Efesiërs 4:11-12, onderskei hy vier ampte, naamlik doktore, predikante, ouderlinge en diakens. Waar hy egter in sy kommentare vanuit 1 Timoteus 5:17 redeneer, onderskei hy, naas die diaken, slegs die ouderling wat hy dan weer onderverdeel in die lerende en regerende ouderling. Sodoende kom hy net tot twee ampte. Hierin lê nie 'n botsing nie omdat die basiese amp in die kerk die presbiter-amp is wat onderskei word in doktore, predikante, ouderlinge en daarnaas die diaken (Pont 1981:199).

In die *Confessio Gallicana* 1559 waarop Calvyn 'n besondere invloed uitgeoefen het, word die saak soos volg verwoord:

> Was die wahre Kirche betrifft, so glauben wir, dass sie regiert werden müsse nach der Ordnung, die unser Herr Jesus Christus eingerichtet hat, das heisst, dass es Pastoren, Vorsteher und Diakone geben muss, damit die reine Lehre ihren Lauf nimmt, die Laster gebessert und unterdrückt werden und damit die Armen und alle anderen Angefochtenen in ihren Nöten unterstützt und die Versammlungen gehalten werden im Namen Gottes zur Erbauung von Grossen und Kleinen.
>
> (Confessio Gallicana:art 29)

Die uitspraak van Noordmans oor die amp van die ouderling is van betekenis omdat die belangrikheid van die ouderlingsamp binne die stelsel daarmee beklemtoon word. Hy het gesê dat 'toen Calvijn op het bord de pion van de ouderling trok, zette hij daarmee de paus schaakmat' (Noordmans 1984b:396). Miskien is dit nodig om ook die volgende uitspraak van dieselfde skrywer aan te haal:

> Het bijzondere van de presbyteriale kerkorde was dit, dat er een ambt was voor de bearbeiding van het terrein tussen de huiselijke en de openbare godsdienstoefening; tussen het huiselijk godsdienstonderwijs en de catechisatie; tussen het gezin en de gemeente. Dat was de werk van de ouderling.
>
> Dat er zulk een afzonderlijk ambt bestaat, om de gemeente geregeld uit de gezinne op te bouwen, is van grote betekenis. Het stempelt een gereformeerde kerk in de goede zin des woords tot een volkskerk. In die naam ligt niet opgesloten, dat ieder door geboorte in de kerk recht heeft, zonder op het geloof te letten. Maar wel dat de kerk, zoveel in haar is, met behoud van de tucht, de weg van het gezin naar de gemeente, van het natuurlijke naar de geestelijke, effent en daar zelfs een apart ambt voor heeft. De ouderling is dan ook, als hij zijn ambt goed waarneemt, niet een belijdenisboeman, wat hij kan worden als hij tot bestuurslid in de kerkeraad ontaard. Neen, in zijn werk komt de verbondsgedachte het meest naar voren. Hij is de exponent van de kerkorde, voor zover deze het correlaat is van de belijdenis.
>
> (Noordmans 1984a:447)

Wanneer die belangrikste beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel bespreek word, word dit veral gedoen met die kerkregtelike verloop vanaf 1541 tot en met 1618-1619. Die sinode van Dordt 1618-1619 vorm dan 'n soort afsluiting van die kerkregtelike ontwikkeling. Trouens, wanneer die beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel omlyn word, is die periode 1619-1951 nie bruikbaar nie, omdat die periode onder invloed van die verenigingsreg op 'n ander baan loop (Pont 1991:28, 90). Die invloed het nadelig ingewerk op die lewe van die kerk – daarvan is die Nederlandse Hervormde Kerk 'n duidelike voorbeeld – en daarom moet die invloed uit die kerk geweer word, selfs tot vandag toe. Om dié rede kan die periode 1619-1951 hier onbespreek gelaat word.

Tot sover is enkele aspekte uitgelig as poging om die belangrikste beginsels van die huidige stelsel, bekend as die presbiteriaal-sinodale stelsel, veral rondom die ampte en die vergaderings van die ampte, te beklemtoon. Veral waar dit gaan oor nuwe bedieningstrukture is dit noodsaaklik dat die huidige bekend sal wees omdat

dan eers werklik bepaal kan word of nuwe strukture nodig is en hoe die nuwe struktuur moet lyk. Die vraag is egter nie hoe die mens in die kerk die struktuur wil hê nie, maar hoe die Woord van God aandui hoe die struktuur daar moet uitsien. Ondersoeke oor hoe die lidmate die kerk sien en wat hulle van die prediking en die pastoraat van die kerk dink, is seker interessant en bruikbaar, maar kan nie die bepalende wees nie. Dit neem nie weg nie dat die struktuur 'n dinamiese struktuur is waarbinne mense lewe en dat die kerk in sy struktuur deeglik rekening moet hou met die mens en sy omstandighede van die tyd waarbinne hy leef.

**Die Nederduitsch Hervormde Kerk: Die ouderling**

Elke ouderling in die Nederduitsch Hervormde Kerk word bevestig met die 'Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens'. Daarin word die ampswerk van die ouderling beskryf as opsig, saam met die bedienaar van die Woord oor die gemeente. Tweedens moet die ouderlinge hulle vir die orde van die gemeente beywer en die dienaars van die Woord met goeie raad bystaan in alle sake wat die goeie orde in die kerk raak. Die formulier sien die amp van die bedienaar van die Woord as die lerende ouderling, terwyl die regerende ouderling saam met die dienaar van die Woord geroep is om oor die gemeente te regeer: 'Hulle het naamlik oor die gemeente opsig gehou en het saam met die dienaars van die Woord regeer' (NHKA 1987:88). Derdens moet die ouderling ook opsig hou oor die leer en lewe van die dienaar van die Woord, sodat geen vreemde leer voorgedra sal word nie. Dan word gestel dat die ouderling die Woord van God ywerig bestudeer en die dinge wat die hoofsaak van die geloof uitmaak, voortdurend oordink (NHKA 1987:89). Dit is miskien nie vergesog nie om te stel dat laasgenoemde opdrag om die Woord van God ernstig te ondersoek, die belangrikste taak van die ouderling is. Dit verleen aan die werk van die ouderling gesag wanneer hy met Woordgesag sy opsigtaak uitvoer en korreleer met die uitgangspunt dat die amp nie gesag in sigself het nie, maar gesag ontvang deur die Woord van God en daarmee dus van God self. Die amp is slegs 'n nederige dienswerk.

Uit bogenoemde uitsprake word dit duidelik hoe belangrik die amp van die ouderling in die stelsel is. Dit word ook bevestig met die volgende uitspraak:

> (D)ie ouderlinge (was) die mense wat die geestelike leiding moes neem, kategese en begrafnisse waarneem, die Woord verkondig, die diens van die gebede waarneem, die siekes vertroos - in kort, behalwe die bediening van die Sakramente het die ouderlinge al die werk van die predikant gedoen en daarby nog al die ouderlingswerk behartig. En hoe voortreflik het hulle dit nie gedoen nie! Die geringe kerklike

> afval en die suiwerheid van die leer deur die jare heen is bewys hiervoor.
>
> (Botha 1990:530)

Die arbeidsveld van die ouderling word in die Kerkwet in Bepaling 167 uiteengesit. Hierin kom die opsigtaak van die ouderling sterk na vore as gestel word dat hy/sy moet toesien dat lidmate die erediens getrou bywoon, sorg dat die Woord van God gereeld en reg verkondig word, opsig hou oor die leer en lewe van die dienaar van die Woord en toesig hou oor die stoflike belange van die gemeente. Die taak van die ouderling word selfstandig verrig, maar ook saam met die predikant. Huisbesoek staan in die Nederduitsch Hervormde Kerk onder die opsig (NHKA 1989a: bep 101.3, 4), maar word ook as pastoraat gesien as gestel word: 'Huisbesoek bied aan ampsdraers die geleentheid om tuis aan lidmate die evangelie te verkondig' (NHKA 1989a:bep 101.4; 149.2a; 167.2c). Laasgenoemde is egter 'n latere toevoeging wat die klem lê op die pastorale versorging wat met huisbesoek gepaard kan gaan.

> Dit is interessant om daarop te wys dat die saak van die evangelieverkondiging opsioneel is in die sin dat die huisbesoek 'n geleentheid bied. Dit is egter nie pligmatig nie, soos die ondersoek na die lidmaat se leer en lewenswandel wel pligmatig is. Tog interessant dat die praktyk van die kerklike lewe die aksent van hierdie Bepaling net mooi omgedraai het. Dit sal miskien goed wees as oor die saak nog verder besin sal word want dit is duidelik dat die handhawing van die opsig en daarmee saam die handhawing van die regte orde en dissipline 'n baie belangrike saak is in die welwese van die kerk en gemeente.
>
> (NHKA 1991b:44)

Miskien kan hier bygevoeg word dat wanneer huisbesoek as pastoraat effektief gedoen word, ook huisbesoek as opsig tot sy reg sal kom, omdat die Woord van God sy eie dissipline skep.

Naas die opsigtaak wat die ouderling het, word verder beklemtoon dat die ouderling diegene moet bearbei wat van die evangelie vervreemd is en verantwoordelikheid moet neem vir die kategese en die arbeid onder die jeug. Die beroep wat in die bevestigingsformulier gedoen word dat die ouderling die Woord van God ernstig moet ondersoek, word hier in die Kerkwet herhaal (bep 167.3). Die ouderling tree nie op as 'n soort kerklike polisieman nie. Hy/sy nooi ook nie net lidmate uit om die Nagmaal by te woon nie, maar moet kontroleer of al die lidmate tot die Nagmaal toegelaat kan word. Dit is hier waar die kerkraadsvergadering voor elke Nagmaal sy oorsprong het wat plaasvind nadat die predikant en die ouderling die

huisbesoek afgehandel het, verslag doen oor die wyke en indien daar lidmate is wat sensurabel is, moet die kerkraad daaroor besluit. Dit is die *censura morum* genoem (beoordeling van die sedes). Die ouer tradisie wat nog in Bepaling 101 na vore kom, is dat huisbesoek opsig is. *Censura morum* is 'n tegniese kerkregtelike term wat nie letterlik vertaal moet word nie. Die begrip dui op die totale opsig van die kerkraad, daarom sluit dit tug oor leer en lewe in (NHKA 1991b:43).

Die opsig van die predikant en die ouderling is van belang as in gedagte gehou word wat in Artikel 20 gestel word, naamlik dat die uitgangspunt van die opsig is om die eensgesindheid en eenheid van geloof in die kerk te bevorder en te bewaar en om almal in gehoorsaamheid aan God te hou (NHKA 1989a:art 20).

As die kerkregtelike omlyning van die ouderling en sy/haar amp so geformuleer word in die kerklike orde, kom die vraag na vore wat die posisie van die ouderling is binne die vergaderings van die ampte. Dit spreek vanself dat die ouderling se ampswerk nie binne 'n lugleegte verrig word nie, maar binne die struktuur waarmee die kerk sy dienswerk verrig.

Die kerkraad is die primêre vergadering van die ampte. Dit is 'n beskouing wat in die praktyk van die kerklike lewe miskien nie so sterk na vore gekom het nie. Wanneer gedink word aan die merktekens van die ware kerk en dit met Bepalings 5.1.a-c vergelyk word, is dit duidelik waarom dié standpunt ingeneem word. Die kerkraad en die gemeente as die plaaslike verskyningsvorm van die kerk (NHKA 1989a:art 2), is die vlak waar die kerk se arbeid primêr plaasvind en waar die besluite van meerdere vergaderings en die kennisinsette van rade en kommissies geïmplimenteer moet word, sodat dit vir die kerk tot voordeel sal wees.

Die kerkraad word saamgestel uit predikante, ouderlinge en diakens van die gemeente, asook teologiese dosente van die kerk met adviserende stem wanneer hulle uitgenooi word deur die kerkraad van die gemeente waar hulle woon, behoudens Bepalings 118 en 163-165 (Bep 4.2). As die amp van die ouderling die regering en die opsig oor die gemeente behels, is dit logies dat die ouderling saam met die predikant as die lerende ouderling, alleen die gemeente regeer, of ten minste in so posisie verkeer dat die amp van die ouderling in die meerderheid is. Alhoewel die gemeente in wyke verdeel is waaroor 'n ouderling en 'n diaken verantwoordelik is, bestaan die moontlikheid dat die ouderlinge op 'n kerkraadsvergadering in die minderheid kan wees. Wanneer die kworum van die vergadering bepaal word ten opsigte van gewone vergaderings en vergaderings met tughandelinge, word die feit dat die ouderling die regeeramp beklee, nie verdiskonteer nie. Dit is moontlik dat 'n vergadering waar tughandelinge moet plaasvind, wettig saamgestel kan wees met minder ouderlinge as diakens (Botha 1990:532-534). Dit beteken dat die diaken in

werklikheid as 'n hulpouderling funksioneer binne die regeervergaderings van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHKA 1991c:5).

### Die diaken deel van die regeervergaderings?

Hiermee kom die vraag aan die orde of die amp van die diaken tuishoort op die regeervergaderings van die kerk (Botha 1990:538). As die vraag oorweeg word kom dit aan die lig dat daar veral tussen die belydenis van die kerk en die kerklike ordes nie eenstemmigheid was nie. Die *Ordonnances Ecclesiastique* 1541, as kerkorde van Genève, laat die diakens uit (Pont 1981:21, 29), terwyl die kerkorde vir Parys, die *Discipline Ecclesiastique* 1559 wat terselfdertyd nie net vir die plaaslike gemeente nie maar ook vir die kerk in nasionale verband ordereëls neerlê, die diaken insluit, selfs ook by sinodale vergaderings (Pont 1981:art 3, 5, 20). Die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 sluit diakens by die kerkraad in. Oor dié saak was daar in die verlede al verskil van mening (Hovius 1951:10). Dieselfde verskil van mening word ook aangetref in die Nederlandse kerklike ordes.

Die sinode van Emden 1571, as die eerste volwaardige sinode en kerklike orde, bepaal in artikel 6 dat kerkraadsvergaderings saamgestel word uit dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens. Tydens die provinsiale sinode van Dordrecht 1574 word kommenteer gelewer op die bepaling van Emden en besluit dat 'de dienaars en ouderlingen op zichzelf en de diakenen op zichzelf tezamen komen zullen om een iegelijk zijn zaken te verhandelen' (Nederlandse Hervormde Kerk 1574:art 4). Hier het die volgende uitsondering gegeld wat in dieselfde artikel genoem word: 'Doch in plaatsen, waar weinig ouderlingen zijn, zullen de diakenen een deel der konsistorie mogen wezen....' Wat onder weinig te verstaan was is eers tydens die sinode van Utrecht 1905 vasgestel wat bepaal het dat 'hetgeen altijd geschieden zal, waar het getal op minder dan drie is bepaald' (Jansen 1952:177).

Sedert die nasionale sinode van Dordt 1578 tot en met die bekende sinode van Dordt 1618-1619, het die reëling gegeld dat die diakens nie normaalweg deel uitgemaak het van die kerkraadsvergadering nie. Wat die afvaardiging na die meerdere vergaderings betref, is daar altyd 'n gelyke aantal ouderlinge en dienaars van die Woord afgevaardig. Dan is ook by geleentheid saam met die diakens vergader om oor bepaalde sake te besluit soos die beroeping van 'n predikant, die verkiesing van ouderlinge en diakens en by die *censura morum* (Hovius 1951:14).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat, wat die belydenis betref, die diakens tot die kerkraad gereken is, maar dat die kerklike ordes nie dieselfde pad geloop het nie. Die aangeleentheid is in die verlede verskillend geïnterpreteer (Polman sa: 22-29). Die vraag is of hier sprake is van 'n prinsipiële afwyking. Pont meen dat die

uitsondering dat diakens wel deel van die kerkraad uitgemaak het, beteken dat nie van die standpunt van die belydenis afgewyk is nie (Pont 1981:49). Die ampswerk van die ouderling en diaken verskil duidelik van mekaar, aangesien die diaken verantwoordelik is vir die diens van barmhartigheid en die ouderling vir die opsig en die regering van die kerk. As die vraag beantwoord moet word of die diaken deel is van die kerklike regering, moet sonder meer nagatief geantwoord word, hoewel dit nie noodwendig hoef te beteken dat diakens om dié rede nie deel is van die kerkraad nie. Die feit dat die uitsondering bestaan dat die diaken soms as hulpouderling funksioneer het (Polman sa:28), het egter in die Nederduitsch Hervormde Kerk die reël geword (NHKA 1991c:5).

### Die amp van die ouderling onder druk

Die amp van die ouderling is op die huidige oomblik redelik onder druk van die twee ander ampte. Die enigste vergadering van die ampte waar die wanbalans nie bestaan nie is op die vergadering van die Ring. Daarheen word die predikant, twee ouderlinge en een diaken afgevaardig (Bep 7.2). As die vergadering van die Ring 'n regeervergadering is, spreek dit vanself dat diakens ook nie hier tuishoort nie.

Die vergadering waar die druk op die ouderlingsamp die duidelikste te bespeur is, is die Algemene Kerkvergadering. Al die predikante van die kerk, geordende nasionale dienspligtiges en teologiese dosente neem sitting op die vergadering met gewone stem, selfs sonder geloofsbrief (Bep 10.2). Verder word slegs bepaal dat 'n lid uit elke kerkraad sitting neem tydens die vergadering (Bep 10.2c). Hierdie omskrywing, wat getuig van die feit dat die diaken prinsipieel gesien word as hulpouderling, maak dit moontlik dat die Algemene Kerkvergadering saamgestel kan word uit al die predikante van die kerk, plus 'n diaken as afgevaardigde uit elke gemeente, sonder die ouderling, dit terwyl die ouderling die taak het om oor die gemeentes van die kerk te regeer. Met die huidige samestelling, waar verteenwoordiging blykbaar vir baie broeders belangrik is, is al die predikante teenwoordig, terwyl, as elke gemeente 'n ouderling sou afvaardig, slegs 4,31 persent van die totale getal ouderlinge sitting neem op die vergadering (NHKA 1991a:267-9; 1990:20).

Die wanbalans bestaan nie by die Ringskommissie of by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie. Tog is dit opvallend dat die diaken as deel beskou word van die regeervergaderings van die kerk, maar tog nie deel vorm van die twee kommissievergaderings nie. Die wanbalans word nog verder verskerp as in gedagte gehou word dat die moderamen slegs uit dienaars van die Woord bestaan. In die verbygaan moet daarop gewys word dat die Kommissie van die Ring en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, met huiwering as vergaderings van die

ampte genoem word, omdat die uitgangspunt te veel gewig plaas op die twee vergaderings as regeervergaderings wat in die plek inskuif van die Ringsvergadering en die Algemene Kerkvergadering, as *synodi contractae* – veral in die lig van die feit dat dit boonop erfenisse is uit die tyd van die Algemeen Reglement van 1816, waar die beginsels van die verenigingsreg baie belangriker was as die beginsels van 'n skrif-tuurlike kerklike orde. Dit skep ook die indruk van 'n kerklike kongres wat eenmaal elke drie jaar byeenkom, besluite neem en dan sy magte delegeer aan die uitvoerende komitee vir implementering en afhandeling. Oormatige klem op die Algemene Kerkvergadering lei daartoe dat die gemeente as die plaaslike verskyningsvorm van die kerk en die vergadering van die kerkraad as die primêre vergadering van die ampte, onderwaardeer word. As boonop ook die Ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering regeerbevoegdheid het, kom die vraag na vore of dit nie 'n deurkruising is van die anti-hiërargiese beginsel van die kerklike orde nie, veral as die dienaars van die Woord wat tot die Algemene Kommissie verkies word, nie voltyds diens verrig in gemeentes nie en rotasie nie toegepas word nie (Pont [1982]:124).

Miskien moet die vraag gestel word of daar 'n verskil is tussen vergaderings van die ampte en vergaderings van ampsdraers. Ten gunste van die benaming 'vergaderings van die ampte' sou aangevoer kan word dat daardeur die amp as gawe van God beklemtoon word en nie die ampsdraer as persoon of sy charisma nie.

Die huidige samestelling van veral die Algemene Kerkvergadering kan moeilik verdedig word. Die regeeramp van die ouderling word veral deur die amp van die dienaar van die Woord oorskadu, aangevul deur die amp van die diaken wat as deel van die regeervergaderings van die kerk beskou word. In die gemeente gebeur dieselfde. Die diaken het 'n kollektant geword en die geestelike versorging van die gemeente loop op die bedienaar van die Woord af, terwyl die ouderling dikwels slegs die skakel vorm om die predikant in te lig oor probleme in sy wyk. Die situasie word nog meer ontstellend as na die ouderling in sy ampswerk gekyk word. In gemeentes is daar ouderlinge wat nie die vrymoedigheid het om 'n gebed in die konsistorie te doen, of in die huise van sy lidmate uit die Woord van God te lees en te bid nie. Ouderlinge doen dikwels nie gereeld huisbesoek nie en is om dié rede nie in staat om tydens vergaderings van die Kerkraad met verantwoordelikheid aan die *censura morum* deel te neem nie. Maar nog erger: In die kerk dien ouderlinge wat swak kerk toe kom en wat weier om aanddienste by te woon. Die vraag kan met reg gevra word wat geword het van Calvyn se pion op die skaakbord, of van Noordmans se skakel tussen die huisgemeente en die sondagsgemeente. Moontlik is die rede te vinde in die feit dat die ouderling sy belangrikste werk soos vervat in die bevestigingsformulier en in die Kerkwet geformuleer is, nie nakom nie, naamlik om

ywerig die Woord te bestudeer en die dinge wat die hoofsaak van die geloof uitmaak, voortdurend te oordink. Dit verklaar miskien waarom ouderlinge traag is om deel te neem aan die kursus vir die toerusting van ouderlinge.

## Die diaken

Aan die diakonaat is baie gedoen in die onlangse verlede van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die indruk word bevestig as na die agenda van die Algemene Diakonale Raad se vergaderings gekyk word en as in ag geneem word watter struktuur geskep is rondom die hoofdirekteur, sy mede-direkteure en personeel van die Ondersteuningsraad, Ouetehuise en Kinderhuise. As dank betuig word vir die werk wat op sinodale vlak gedoen word, moet daarmee saam beklemtoon word dat die sinodale struktuur afhanklik is van die middele wat in gemeentes van die kerk gegenereer word. As dit barmhartigheid is wat op sinodale vlak gedoen word, dan is dit nog meer waar van die arbeid wat in gemeentes op dié vlak verrig word. Van Ruler stel die saak soos volg: 'En de diaken - onvolprezen schepping of vondst van de Reformatie! - gaat met de barmhartigheid en de gerechtigheid van God in in de nood der wereld, van enkeling en samenleving' (Van Ruler 1952:23). Dié uitspraak is belangrik, omdat daarmee die saak aangeraak word dat barmhartigheidswerk veral 'n mens tot medemens-handeling is. Daarom mag die gemeente en sy diakens nie tevrede wees dat daar op sinodale vlak barmhartigheidswerk gedoen word, maar toelaat dat die amp van die diaken in die gemeente gedegradeer word tot 'n blote kollektant nie.

Dit was Calvyn wat in die reformatoriese kerkreg aan die diaken 'n volwaardige plek gegee het: 'In die eerste plek het hy in sy Institutio Christianae Religionis IV.3:8-9, die amp van die diaken as 'n onmisbare onderdeel van die kerklike lewe weer teruggebring. Daarom stel hy dat daar twee blywende ampte in die kerk is: die amp wat die taak het om die Kerk te regeer en die amp wat spesifiek daar is om die armes te versorg' (Pont 1971:15).

Die amp van die diaken word in die NGB omskryf as opdrag om die armes en beproefdes volgens hulle nood te help en te vertroos (Art 30). In die Nederlandse kerklike reg word die amp van die diaken onderskei van die ander ampte en nie ingetrek in die regeervergaderings nie, sodat die dienswerk van die diaken ten volle tot sy reg kom. Pont beskryf die konstituerende elemente van die amp van die diaken as die insameling van die aalmoese en die offergawes, die uitdeel van die aalmoese, die besoek en vertroosting van die armes en die administrasie en verantwoording ten opsigte van die aalmoese (Pont 1981:214). Die bron van inkomste van die diakens was dan veral kollektes by die deure ná die erediens en ook besondere

pogings om offergawes te vind, onder andere kollektes van huis tot huis. Dit korreleer met die bevestigingsformulier dat die diakens goeie middele sal vind tot versorging van die armes. Ook die uitdeel van die gawes moes met verantwoordelikheid geskied. Aangesien die diakens los van die kerkraad gefunksioneer het, het hulle weekliks byeengekom om die aalmoese uit te deel. Die diakens moes ook die armes en bedruktes besoek om die nood vas te stel en om die hulpbehoewendes te vertroos: 'Hulle moet daarom nie alleen met uiterlike middele die armes en hulpbehoewendes bystaan nie maar hulle ook met die Woord van God bemoedig' (NHKA 1987:90).

In die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk word die amp van die diaken in Bepalings 172-174 omskryf. Dit kom daarop neer dat elke gelowige die taak het om barmhartigheid, veral aan die huisgenote van die geloof, te bewys. Die diakens roep lidmate daartoe op, samel die offergawes in en deel dit uit. Dit is die amp van die diaken wat onder toesig van die kerkraad die liefdegawe insamel en ook uitdeel aan diegene wat in nood verkeer, hulle vertroos met die Woord van God, om op dié wyse die barmhartigheid in die gemeente en in die kerk te bevorder. Daarnaas kom ook die diens van die diaken aan die nagmaaltafel aan die orde: 'Die dienswerk van die diaken vind sy sentrum in sy diens aan die nagmaalstafel. Uitgaande van die barmhartigheid van God bewys die diaken barmhartigheid aan die gemeente en aan die wêreld' (Van Wyk 1989:265).

Vanweë 'n redelike mate van voorspoed kom die diaken deesdae minder in aanraking met werklik behoeftiges. Dit bring mee dat die diaken nie meer so wesenlik betrokke is by die insameling en uitdeling van die offergawes tot versorging van die behoeftiges nie. Die situasie was nie altyd in die kerk so nie. Dit was vanweë 'n tekort aan middele en as gevolg van eise ver bo die vermoëns van gemeentelike diakonieë dat die Weeshuis, die Ondersteuningsraad en die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging in die lewe geroep is om die tekorte te help verlig en in die nood te voorsien. Die skepping van hierdie strukture het noodwendig teweeggebring dat ook op sinodale vlak strukture moes kom om die tehuise wat deur bogenoemde instansies geskep is, in stand te hou. Dit het gelei tot die totstandkoming van die Algemene Diakonale Raad (ADR), die Ringsdiakonale Raad (RDR) en die Diakonale Dienskomitees (DDK). Die ADR en die RDR moet slegs as komplimentêr gesien word ten opsigte van die gemeentelike barmhartigheid, omdat die swaartepunt van die barmhartigheid steeds in die gemeente, waar die kerk se werk in werklikheid gedoen word, tot sy reg kom en waar die amp wat daarvoor bedoel is die werk doen. 'Vandaar dat die Algemene Kerkvergadering met groot sorg bly toesien dat die ADR, as deel van die kerk as geheel, se barmhartigheids-

diens ingepas bly in die Skriftuurlike voorwaardes en eise van die barmhartigheidsdiens' (Van Wyk 1989:267).

Die barmhartigheid wat in die kerk bewys word moet rondom die amp van die diaken geskied, waardeur die lidmate van die gemeente opgeroep word om self barmhartigheid te bewys, sodat nie net die stoflike nood van mense verlig word nie, maar sodat hulle met die vertroostinge van die Woord van God in hulle sondenood bygestaan word (Pont 1981:216). Omdat die diaken die ampsdraer is wat die reëlmatigste by elke huis kom, is hy uitnemend geskik om die nood van lidmate raak te sien en korrektiewe optrede te inisieer.

Soos met die amp van die ouderling kom daar ook leemtes voor by die amp van die diaken. Die betrokkenheid van baie diakens is nie meer as net om kollektant te wees nie. Die meelewing van diakens in die erediens laat soms veel te wense oor. Diakens bly dikwels in gebreke om die offergawe betyds af te dra.

In die verslag van die Kommissie vir bedieningstrukture wat voor die 1989 Algemene Kerkvergadering gedien het, is gestel dat die gemeente trag om sy doelstellinge te bereik deur sy bedieningstrukture, dit is die organisasie van sy gesagstruktuur (ampte, kerkleiding), sy kommunikasiestruktuur en die inrigting van die deelname van mense aan sy aktiwiteite (NHKA 1989b:22).

## SLOTOPMERKINGS

Op die vraag of die Nederduitsch Hervormde Kerk om sy doelstellings te bereik, 'n nuwe kerkregtelike struktuur benodig, kan sonder meer negatief geantwoord word. Die presbiteriaal-sinodale stelsel is van almal die mees skriftuurlike stelsel. Die kerk het dus nie behoefte aan 'n nuwe struktuur nie, maar veel eerder dat die kerk dit wat hy het, sal leer ken en die beginsels ten volle sal toepas. Die oplossing hoef nie gesoek te word in meer ampte nie, maar die huidige ampte moet ten volle ontgin word. Wanneer die ampte tot hulle volle reg kom en die stelsel waarbinne hulle moet funksioneer ten volle begryp word, beteken dit dat die kernbeginsel, dat Jesus Christus die enigste hoof en Heer van die kerk is, in aksie kom.

Hier kan verwys word na die ondersoek wat in die Nederlandse Hervormde Kerk gedoen is na aanleiding van die Hilversumse Convent, waar rondom die figuur van Ds J Loos vrae ontstaan het oor addisionele wydinge. As gevolg hiervan het die Generale Sinode besluit dat 'n omvangryke studie onderneem moes word oor die amp. Uiteindelik het eers die sogenaamde 'rapport Van Ruler' in 1965 die lig gesien (Lekkerkerker 1971:223), gevolg deur die 'rapport Berkhof' in 1969 (Nederlandse Hervormde Kerk 1969). As antwoord op bogenoemde twee rapporte het verskillende artikels en brosjures verskyn wat veral die 'rapport Berkhof' verwerp

het en tot die slotsom gekom het dat die kerk geen ander amp nodig het nie (Balke 1970:248; Exalto 1971:31; Jonker 1968:129). Wanneer veral na die standpunt van Berkhof geluister word, is dit duidelik dat die kerklike situasie in Nederland die situasie in Suid-Afrika slegs 'n paar jaar vooruit is.

Die oplossing vir die vraag na nuwe bedieningstrukture of nie, moet gesoek word in die kerkregtelike herstel van die amp van die ouderling en die diaken, in lyn met die beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel. Hoewel die struktuur binne die Nederduitsch Hervormde Kerk in beginsel presbiteriaal-sinodaal is, bestaan daar bepaalde oneffenhede wat as 'n neiging na episkopalisme gesien kan word: 'Die huidige orde kan tipeer word as 'n presbiteriaal-sinodale sisteem met 'n episkopale karakter. Dit dan in die sin dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as synodus contracta byna 'n episkopale rol in die kerk speel (Van Wyk 1989:303; Pont [1982]:130).

Die kerkregtelike herstel van die amp is alleen moontlik met 'n gewysigde struktuur van die vergaderings van die ampte. As aanvaar word dat die diaken nie tuishoort by die regeervergaderings nie, kan met 'n verkleinde Algemene Kerkvergadering, saamgestel uit bedienaars van die Woord en ouderlinge, wat trapsgewys afgevaardig word, die druk op die ouderlingsamp verwyder word, sodat die ouderling in sy regeertaak herstel word. Dit sal beteken dat die diaken ook van die Ringsvergadering sal verdwyn en dat op die vlak van die plaaslike kerkraad die amp tot sy volle reg sal kom. Die kworum van die kerkraad word dus vasgestel rondom die aantal ouderlinge wat in die vergadering teenwoordig is, as die amp wat oor die gemeente regeer. Groter aandag sal bestee moet word aan die *censura morum* as vaste onderdeel van die agenda van die vergadering, om die huisbesoek van die ouderlinge voor Nagmaal, as opsig te beklemtoon.

Deur die diaken deel te maak van die regeervergaderings van die kerk, funksioneer die diaken as hulpouderling, met die gevolg dat die diaken weggetrek is van sy eintlike taak. As die diaken nie deel vorm van die regeeramp nie, kan die amp van die diaken ten volle ontgin word. As die diaken die inisiatief neem met die vorming en leiding van diensgroepe en self ook daarby betrokke is, sal die beoogde dienswerk van die diensgroepe vaart kry, met die gevolg dat diensgroepwerk vollediger ingebed kan word in die diakonaat. Dan is die amp wat daarvoor bedoel is self betrokke by die dienswerk van die diensgroepe en kan die diaken die gemeente ook motiveer om self betrokke te raak by die dienswerk. Dit sal ook die sinodale klem verskuif na die gemeente, waar barmhartigheid bewys word binne die verhouding mens tot medemens.

As die diaken verwyder word van die regeervergaderings van die kerk, kan as alternatief gestel word 'n parallelle vergaderingstruktuur, wat in wese reeds bestaan,

naamlik 'n diakonale kerkraad in die plaaslike gemeente, vir die ring 'n ringsdiakonale raad en op sinodale vlak 'n algemene diakonale raad. Elkeen van hierdie vergaderings wat saamgestel word uit diakens, sal selfstandig funksioneer en sake kan afhandel wat binne die terrein van sy bevoegdheid lê. Laasgenoemde drie vergaderings sal egter, wat die opsig betref, ondergeskik bly aan die regeervergaderings op elke vlak, omdat die ouderlingsamp belas is met die regering van die kerk (NHKA 1991d:3). Dit hoef nie te beteken dat die een amp oor die ander amp heers nie, veral nie as die beginsel in gedagte gehou word dat die Heer self die kerk regeer nie. Regering deur die ouderling is nie met meerderheid van stem of met persoonlike talent nie, maar altyd met die Woord van God. Tweedens moet ook in gedagte gehou word dat die stelsel nie hoër en hoogste vergaderings ken nie, maar slegs meerdere vergaderings, slegs omdat by meerdere vergaderings 'n groter toestroming van die amp plaasvind.

Meerdere vergaderings is slegs 'n kwantitatiewe waardering, want kwalitatief is die 'status' van elkeen van die vergaderings dieselfde, omdat gesag nie by getalle setel nie, maar veel eerder by besluitneming volgens die Woord van God.

Die volledig selfstandigwording van die diakens binne 'n diakonale kerkraad, sal tot gevolg hê dat die ouderlinge en die bedienaar van die Woord saamkom binne 'n presbiteriale kerkraad wat met die regering van die gemeente gemoeid sal wees. Gesamentlike kerkraadvergaderings kan steeds plaasvind oor sake soos die beroep van 'n predikant, verkiesing van kerkraad, of oor die stoflike belange van die gemeente. Pont wys ook daarop dat die diakens verantwoordelik is vir die deurkollekte vir die diens van barmhartigheid, terwyl dit die ouderling se taak is om die offergawe in te samel vir die instandhouding van die gemeente (NHKA 1991c:6).

Indien die diakens verdwyn van die presbiteriale kerkraadvergadering, kom die presbiteraat tot sy reg, wat ook kan beteken dat ouderlingvergaderings kan saamval met die vergadering van die presbiteriale kerkraad.

Ten slotte moet beklemtoon word dat daar gefokus moet word op die plaaslike gemeente as die terrein by uitstek, waar die kerk in aksie is en waar die ampte, ook die priesterskap van die gelowiges, deel vorm van die plaaslike verskyningsvorm van die kerk. Solank die klem in die Nederduitsch Hervormde Kerk sinodaal gefokus bly, sal die ampte op gemeentelike vlak, in besonder die regeeramp van die ouderling, moeilik tot sy reg kom.

'n Uitspraak op die voorblad van die Hervormer (Februarie 1990) waar gepraat word van die opdragte van die kerk se hoogste vergadering, laat duidelik blyk dat die beginsels van die verenigingsreg meer bekend is in die kerk as wat vermoed word; daarom die klem op die presbiteriaal-sinodale stelsel en sy beginsels as antwoord op die vraag of nuwe bedieningstrukture nodig is.

> Een presbyteriaal systeem helpt helemaal niets als het niet in de amptelijke vergadering tot een gemeenschap onder Gods Woord komt, als het niet verder komt dan geruzie en getwist, omdat eigenzinnige pausjes telkens opstaan en niet willen gaan zitten. Ook dan blussen wij de Geest uit.
>
> (Balke 1985:21)

**Literatuurverwysings**

Balke, W 1970. Wat is er aan de hand met de hervormde bezinning op het ambt? *Theologia Reformata* 13, 248-272.

--- 1971. Berkhofs beroep op de gereformeerde traditie met name op Calvijn, in Balke, W & Exalto, K, *Geen ander ambt*. Maassluis: De Waarheidsvriend.

--- 1985. *Gunning en Hoedemaker samen op weg*. 's Gravenhage: Boekencentrum.

Biesterveld, P & Kuyper, H H 1905. *Kerkelijk handboekje*. Kampen: Bos.

Botha, S J 1989. Die volkskerk, in Botha, S J (red), *Belydende volkskerk*, 1-47. Pretoria: KITAL.

--- 1990. Die ouderling en die regeervergaderings in die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS* 46/1 & 2, 528-541.

Bouwman, H 1985. *Gereformeerd Kerkrecht*, Deel 1. Kampen: De Groot Goudriaan.

Bouwman, M 1937. *Voetius over het gezag der synoden*. Amsterdam: Bakker.

Bronkhorst, A J 1947. *Schrift en kerkorde*. Den Haag: Zuid-Holland.

--- [1988]. Schrift en kerkorde, in Van 't Spijker, W et al (reds), *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*, 43-58. Kampen: Kok.

Brouwer, A M sa. *De kerkorganisatie der eerste eeuw en wij*. Baarn: Bosch & Keuning.

*Confessio Gallicana*, in Steubing, H 1985. Bekenntnisse der Kirche, 123-132. Wuppertal: Brockhaus.

*Die Hervormer* 1990. Daar is bekering nodig. Februarie 1990 bl 1.

Dingemans, G D J 1988. Kerkorde als ecclesiologische vormgeving, in Van 't Spijker, W (red), *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*, 207-220. Kampen: Kok.

Engelbrecht, S P 1945. *Neo-Calvinisme*. Pretoria: De Bussy.

Exalto, K 1971. Zal de kerk haar ambten vernietigen? in Balke, W & Exalto, K, *Geen ander ambt*. Maassluis: De Waarheidsvriend.

Fiolet, A 1953. *Een kerk in onrust om haar belijdenis*. Nijkerk: Callenbach.

Hoedemaker, P J 1904. *De Kerk en het moderne staatsrecht*. Amsterdam: HAUM.

--- 1927. *Een onbegrepen denker*. Wageningen: Veenman & Zonen.

Hovius, J 1951. *Behooren de diakenen tot de kerkeraad?* Sneek: Weissenbach.

Jansen, J 1952. *Korte verklaring van de Kerkorde*. Kampen: Kok.

Jonker, H 1968. Het ambt in de synode. *Theologia Reformata* 11, 129-146.

Kersten, G H 1980. *Kerkelijk Handboekje*. Utrecht: De Banier.

Lekkerkerker, A F N 1971. *Oorsprong en funktie van het ambt*. 's Gravenhage: Boekencentrum.

Marchal, G W 1985. *Jan Koopmans dienaar tot de oogst*. 's Gravenhage: Boekencentrum.

Milner, B C 1970. *Calvins doctrine of the church*. Leiden: Brill.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1967. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1967. Pretoria: NHKA.

--- [1983] 1987. Diensboek. Pretoria: NHKA.

--- 1989a. Kerkwet. Pretoria: NHKA.

--- 1989b. Agenda van die Algemene Kerkvergadering 1989. Pretoria: NHKA.

--- 1990. Almanak en Bybelse dagboek 1990. Pretoria: NHKA.

--- 1991a. Almanak en Bybelse dagboek 1991. Pretoria: NHKA.

--- 1991b. Voortgesette teologiese toerusting. VTT 311-316. Pretoria: NHKA.

--- 1991c. Agenda van die Algemene Diakonale Raad 1991. Bylae A. Pretoria: NHKA.

--- 1991d. Notule van die Algemene Diakonale Raad 1991. Pretoria: NHKA.

Nederlandse Hervormde Kerk 1571. Sinode van Emden: Acta of Handelingen 4 Oktober 1571, in Kersten 1980:41-61.

--- 1574. Sinode van Dordrecht: Acta of Handelingen 16 Junie 1574 in Kersten 1980:63-86.

--- 1969. Generale synode van de Nederlandse Hervormde Kerk 1969, Studierapport over het ambt: *Wat is er aan de hand met het ambt?* 's Gravenhage: Boekencentrum.

Noordmans, O 1984a. Kerkelijke denken voorwaarde voor kerkorde. *Versamelde Werk V*, 430-485. Kampen: Kok.

--- 1984b. Kerkorde en beroep op de Schrift. *Versamelde Werk V*, 391-403. Kampen: Kok.

Pelser, G M M 1990. Die bedieninge in die Nuwe Testament: 'n Ondersoek na historiese wording en prinsipiële regverdigbaarheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5/1, 1-18.

Plomp, J 1969. *De kerkelijke tucht bij Calvijn*. Kampen: Kok.

--- 1971. De kerkorde van Emden, in Nauta, D et al (reds), *De synode van Emden 1571-1971*, 88-121. Kampen: Kok.

Polman, A D R sa. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis*, Deel 4. Franeker: Wefer.

Pont, A D 1971. Aantekeninge rondom die ampsopdrag van die diaken. *HTS* 27/1 & 2, 8-46.

--- 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 1. Pretoria: HAUM.

--- [1982]. Die betekenis van die meerdere vergaderinge ten opsigte van hulle gesag, funksie en handelinge in die kerk. *HTS* 38/2 & 3, 104-135.

Pont, A D 1985. Thomas Erastus oor die struktuur van die gemeenskap. *HTS* 41/3, 428-440.

--- 1987. Die betekenis van Abraham Kuyper (1837-1920) vir Suid-Afrika op kerkhistoriese en kerkregtelike gebied. *HTS* 43/3, 506-521.

--- 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 2. Pretoria: KITAL.

Rasker, A J 1981. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen: Kok.

Van Eck, E 1991. 'n Sosiaal-wetenskaplike ondersoek na die 'amp' van die ouderling in die Nuwe Testament. *HTS* 47/3, 656-684.

Van Ruler, A A 1945. *Religie en Politiek*. Nijkerk: Callenbach.

--- 1952. *Bijzondere en Algemene Ambt*. Nijkerk.

Van 't Spijker, W 1990. Het presbyteriale-synodale stelsel, in Van 't Spijker, W et al (reds), *De Kerk*, 326-338. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van Wyk, B J 1989. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.